**Acordesweb.com**

**Stuur Vir My N Foto**
**Laurika Rauch**

Laurika Rauch - Stuur Vir My  n Foto
------------------------------------

**E  G#m A  E**

```
 E                        G#m
Stuur vir my  n foto  n duidelike beeld
          A                         E
Van die plooitjies om jou oÃ« onder andere
 E                              G#m
Maak vir my  n afskrif van die drome in jou hande
        A                         C#m
En die skewe halwe glimlag om jou mond
    E              F#        G#m     F#      E/G#
Probeer ten minste vaspen  n bietjie van die aard
         E            F#         G#m
Van die dinge wat jy liefhet en onthou
    E             F#            G#m          E
 n Mens is tog te gou geneig om maklik te vergeet
   C#m               F#
 n Foto keer dat die tyd verweer
```

Stuur vir my  n foto  n duidelike beeld
Van die sprokies en die spoke van jou lyf
en die roering in jou palms en jou hartklop in jou are
En jou stiltes en jou lag en selfs jou huil
Probeer ten minste vaspen  n bietjie van die aard
Van die dinge wat jy liefhet en onthou
Soos ons ernstige woorde oor die dinge van belang
Wat nou reeds stom in die gange hang

Stuur vir my  n foto  n duidelike beeld
Van  n plek waar ons al saam was of heen wil gaan
Dalk  n horison  n waansin  n hawe of  n bos
Onthou jy nog hoe ver wou ons nog reis
Probeer ten minste vaspen  n bietjie van die aard
Van die dinge wat jy liefhet en onthou
 n Mens is tog te gou geneig om maklik te vergeet
 n Foto keer dat die tyd verweer